# PRINCE ALBERT MUNISIPALITEIT

**PRIVAATSAK X53 PRINS ALBERT 6930**

## DIREKTORAAT: OPERASIONELE DIENSTE
## VERSKEIE WERKSGELEENTHEDE IN DIE UITVOERING VAN KAPITAAL EN OPERASIONELE PROJEKTE

| | |
|---|---|
| 1. MESSELAARS / BOUERS | 4. TEëLERS |
| 2. SKRYNWERKERS | 5. PLAVEI WERKERS |
| 3. VERWERS | 6. DRAADWERKERS |

## KENNISGEWING NR 176/2020
## EKSTERNE KENNISGEWING

Prins Albert Munisipaliteit bied die geleentheid aan persone met spesiale vaardighede en werksondervinding om aansoek te doen vir tydelike werksgeleenthede in die uitvoering van verskeie kapitaal en operasionele projekte. Skriftelike aansoeke op die voorgeskrewe **EPWP AANSOEKVORM**, word hiermee ingewag van persone wat oor die nodige vaardighede en praktiese ondervinding beskik om oorweeg te word vir aanstelling as deel van die Munisipaliteit se uitgebreide publieke werke program. Aanstellings sal projekgebasseerd wees en sal ingevolge die projek beplanning, begroting en tydsraamwerk wees.

**VEREISTES**

- Moet oor bewese vaardigheid beskik in enige van die volgende (Messelaar, skrynwerker, verf ,teëlwerk, plaveiwerk, draadwerk.)
- Moet in 'n span kan saamwerk;
- Moet fisies, fiks en gesond wees;
- Moet hardwerkend en pligsgetrou wees;

**SALARIS**: Vergoeding sal belonend, kompeterend en in lyn met industrie skaal wees.

**STATUS VAN POS:** **TYDELIK / PROJEK GEBASSEERD**

**SLUITINGSDATUM:** **VRYDAG, 25 SEPTEMBER 2020**

Aansoeke op die voorgeskrewe **EPWP-aansoekvorm** met gewaarmerke afskrifte van kwalifikasies en identiteitsdokument moet gerig word aan **DEBBY MOONEYS-PERSONEEL AFDELING**, Privaatsak X53, Prince Albert, 6930, Tel. 023-5411 036, voor of op **VRYDAG 25 SEPTEMBER 2020**. Aansoekvorms kan ook by die naaste munisipale kantoor ingehandig word.

Prince Albert Munisipaliteit is 'n gelyke indiensnemings-werkgewer en moedig gestremdes, persone uit voorheen benadeelde groepe en veral vroue om aansoek te doen.
Die Munisipaliteit behou die reg om geen aanstelling te maak nie. Gunswerwing sal 'n kandidaat diskwalifiseer.

**Indien u nie binne 30 dae na die sluitingsdatum van die Munisipaliteit 'n skrywe rakende die aansoek ontvang het nie, kan u aanvaar dat u aansoek onsuksesvol was.**


**TELEFOON NO:** 023 – 5411036
**FAKS NO:** 023 – 5411321
**E-Pos Adres:** debbiem@pamun.gov.za


**ANNELEEN VORSTER**
**MUNISIPALE BESTUURDER**

**15 September 2020**